

SONDAGOGGEND 26 SEPTEMBER 2021

Die geboorte van die Kerk – Petrus

Jesus het baie gesprekke met gewone mense gehad soos ek en jy.

- Partykeer het Hy met Joodse gelowiges gepraat, wat die wette wat hulle op mense geplaas het belangriker geag het as God se wet van die liefde en genade.
- Partykeer kuier Hy by sondaars en volgens die Fariseërs en Skrifgeleerdes, slegte mense.
- Partykeer gesels het mense wat siek is, blind is, doof is, of van die duiwel besete is.
- Baie keer met sy volgelinge en dan baie keer net met Sy dissipels

Nou Jesus het seker van al die dissipels die meeste met Petrus gepraat. So ons gaan vandag een van Jesus se gesprekke met Petrus afluister en volgende week verder luister as Jesus die laaste keer met Petrus praat.

Omdat Jesus met gewone mense praat en omdat die Bybel Sy Woord is, praat Hy ook deur hierdie gesprekke met ons.

Matteus 16:13-20

Toe Jesus in die streke van Sesarea-Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra: "Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?" 14 Hulle antwoord: "Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete." 15 "Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek?" 16 Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." 17 "Gelukkig is jy, Simon Barjona," het Jesus vir hom gesê, "want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. 18 En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. 19 Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly." 20 Toe het Jesus sy dissipels beveel om vir niemand te sê dat Hy die Christus is nie.

Die gedeelte wat ons gelees het is die geboorteverhaal van die kerk. Dis die heel eerste keer wat iemand, die mense wat in Jesus gaan glo, die kerk noem.

Die woord **Ekklesia** is 'n woord wat gereeld in die alledaagse Grieks gebruik was en dit beteken

*a gathering of citizens called out from their homes into a public place,
an assembly of the people convened at the public place for the purpose of reflecting.*

As Jesus na die kerk verwys hier is dit 'n profetiese woord van hoe mense wat kinders van God is sal lyk of wees.

- Die kerk is die mense wat uit die sonde en dood en hel geroep word, om as God se kinders by Hom te vergader.
- Die kerk is alle gelowiges wat in Christus glo,
- wat vol van die Gees is,
- wat oral in die wêreld is en
- dwarsdeur die geskiedenis heen.
- Later word daar op verskeie maniere na die kerk verwys, soos bv die kerk is die liggaam van Christus en die kerk is die familie van God en die bruid van Christus.

Toe Jesus hier vir die eerste keer na die gelowiges verwys as die kerk, sê Hy ook wat van die kerk gaan word. Hy sê dat die magte van die doderyk – die satan – sal dit nie kan oorweldig nie. En ons is vandag, 2000 jaar later, getuies daarvan dat dit wat Jesus gesê het van die kerk, waar geword het.

Die verhaal van die geboorte van die kerk begin na aanleiding van 'n gesprek wat Jesus met Petrus en Sy dissipels gehad. Ons lees in Matteus 15 dat Jesus van Kapernaum se kant af eers oor die see van Galilea gevaar en daarvandaan na Sesarea-Filippi gegaan het, waar hierdie gesprek plaasgevind het.

Sesarea-Filippi

Nou niks in die Bybel veral met betrekking tot Jesus is vir niks in die Bybel nie. Die plek waar hierdie gesprek plaasgevind het, is baie belangrik vir die verstaan van die gesprek. Jesus en Sy dissipels loop omtrent 50km plus van die oorkant van die see van Galilea af, na 'n plek in die Golan hoogtes. Dis na alle waarskynlikheid die enigste keer wat Jesus so ver noord gegaan het.



Sesarea-Filippi was 'n plek wat hoofsaaklik deur heidene bevolk was. En die plek was vir beide die Jode en heidene belangrik. Daar was 'n groot grot en uit daardie grot se bek het 'n stroom water gevloei wat die oorsprong van die Jordaan rivier is. Hierdie rivier is die lewensaar vir Israel, want dit stel hulle in staat om in 'n baie droë land, konstant water te mag hê. Die rivier vloei dan af, vorm die See van Galilea, wat eintlik net 'n meer is en vloei dan af en loop dood in die Dooie See. Die hele land Israel is geleë langs die Jordaanrivier.

In 14 n.C. is die stad se naam verander van Paneas na Sesarea ter ere van keiser Augustus. Daar is twee Sesareas in Israel. Een teen die middellandse see, Sesarea Maritima en hierdie een, Sesarea Filippi. Dis vernoem na Filippus die seun van koning Herodes die Grote. Soos ek gesê het die stad se naam was voorheen as Paneas omdat die Grieke geglo het dis die tuiste van die god Pan. Pan in die mitologie was half bok, half man en bekend vir sy fluitspel. Dis waar die woord – panfluit- vandaan kom.



Pan was ook in die Griekse mitologie gesien as die god van die natuur, die veld, die woude, die berge, en die herders. Die god Pan is volgens die mitologie in die grot gebore, en na die bek van die grot is verwys as Hades, die doderyk, waarna Jesus verwys het in Sy gesprek met Petrus. So van oral oor het mense gekom om hierdie god Pan te aanbid.

Ander gode is ook op die plek aanbid. Daar was marmer tempel gebou deur Herodes die Grote om die godheid van keiser Augustus te vereer. Baäl-Gad, die god van geluk – “luck, een van die afgode van die Ou Testament, is hier aanbid. Na’ n aardbewing in 363 n.C is die stad waarskynlik vernietig en het die grot toegeval. Water syfer nog steeds uit die berg uit. Dis hoe dit nou daar lyk.



Maar in Jesus se tyd het dit na alle waarskynlikheid so gelyk.



Nou dis die plek wat Jesus kies om twee van die mees belangrikste vrae wat mense kan beantwoord vir Sy dissipels te vra. Dis asof Hy suggereer, *“hier word baie afgode aanbid, maar wie sê die mense is Ek.”*

Matteus 16:13

Toe Jesus in die streke van Sesarea-Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra: “Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?”

Dalk het hy met Sy gesig na die berg Hermon gekyk en al die mense gesien wat gekom en gegaan het om by hierdie berg een of ander afgod te kom aanbid, die gode van die doderyk, Hades, wat ook hel genoem was, want Pan was nie 'n goeie god nie, hy was wreed, “moody,” moeilik om tevrede te stel, deel van die wêreld van sataniese duisternis. Dan sê Jesus.

Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?”

Dis asof Jesus na die mense wys en sê”. *Wie sê die mense is Ek,”* en daardeur impliseer dat mense so baie keuses het. En hoor hoe verwys Jesus na Homself.

Die Seun van die mens

Daar word 88 keer in die Nuwe Testament na Jesus verwys as die "Seun van die mens." Dit is ook die titel wat Jesus die meeste gebruik as Hy na Homself verwys. Dit verwys maar net Jesus, die Seun van God, se fokus op die mensdom en op mense. Hy het juis Sy hemelse posisie verlaat om onder mense te kom woon. Dis 'n titel van nederigheid. Die Seun van die mens vertoon God se genade en liefde. Daar was soveel profesieë in die Ou Testament wat waar geword het met die koms van Jesus, God self, as mens. Hoor wat skryf Daniël.

Daniël 7:13-14

My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese. Hy het na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring. 14 Aan dié menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe

hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; sy koningskap sal nie ophou nie.

So Jesus se dissipels sou presies geweet het wat Jesus bedoel met Seun van die Mens. En dan antwoord Jesus se dissipels.

Matteus 16:14

Hulle antwoord: "Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete."

Ek wil vra, "*nou waar op aarde kom hulle daaraan.*" Dit kom dalk van die feit dat Herodes, nadat hy vir Johannes die Doper vermoor het, 'n gerug begin dat Jesus die reïnkarnasie van Johannes die Doper was. Volgens die Ou Testament sou Elia terugkeer voordat die Messias kom. Daarom as hulle Paasfees gevier het en vandag nog vier is daar 'n leë stoel in die huis, vir ingeval Elia sou terugkom. So, die mense sien dat Jesus iemand spesiaals is, maar dink nie Hy is die Messias nie. Ander sê hulle dalk is Hy Jeremia of een van die ander profete wat teruggekom het. Daar is 'n storie wat sê dat toe die Babiloniese Ryk Israel ingeval het en oorgeneem het, het Jeremia na die berg Nebo gevlug en die verbondsark en offeraltaar saam met hom gevat het. En die Jode glo voordat die Messias terugkom sal Jeremia die ark en die reukoffer altaar terugbring.

Ek het net-nou gesê dat keiser Augustus deur Herodes vereer is. Keiser Augustus was reeds die magtigste man op aarde, maar dit was nie genoeg nie. Hy wou hê die mense moet hom sien as die opperheer, die hoof geestelike leier. Toe Haley se komeet op 'n stadium verby gekom het, het keiser Augustus geglo dit was Julius Caesar se gees wat die hemel betree het, en daarom was Julius Caesar nou 'n god. En dan is hy, wat die aangenome seun van Julius Caesar was, daarom die seun van 'n god.

Nou na alle waarskynlikheid staan Jesus hier voor tempel wat opgerig is vir keiser Augustus, die seun van 'n god. En vra seker een van die mees belangrikste vrae wat elke mens nou en eendag sal moet antwoord.

Matteus 16:15

"Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek?"

Dis asof Jesus sê; *“Vanuit al die afgode en wie die mense sê Ek is, wie kies julle?”* En dan antwoord Petrus.

Matteus 16:16

Simon Petrus het geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.”

Hoor hoe antwoord Petrus. *“U is die Christus.”*

Die Christus

Jesus se van was nie Christus nie. Dit was nie Josef en Maria Christus nie. Christus is die vertaling van die Hebreuse woord *“Messias,”* wat letterlik *die gesalfde een* beteken. Gewoonlik was 'n opvolg koning gesalf om by die ou koning oor te vat. Die Messias, die gesalfde Koning, die een wat van God af moet kom, sal kom en hulle kom bevry van aardse slawerny. Dis wie Petrus sê Jesus is. En verklaar Petrus verder, Jesus is die Seun van die Lewende God

Seun van die Lewende God

In teenstelling wat keiser Augustus sê, sê Petrus is Jesus die Seun van die lewende God. Almal weet Julius Caesar is dood, maar Jesus kom van God af, dit weet hulle, dit kon julle sien, daarom is Hy die Seun van die Lewende God.

Jesus is die een wat God gestuur het om mense met God te versoen, sodat die wat in Hom glo 'n lewende intieme verhouding met God mag hê. Jesus die Seun van die Lewende God het vir hulle en die wêreld, God se liefde, genade en barmhartigheid kom wys. Dit teenoor die afgod Pan wat wreed en genadeloos was.

Dit is vir Jesus en vir almal daar om hulle duidelik dat die woorde wat nou uit Petrus se mond gekom het, nie van Petrus self gekom het nie, maar dat God dit aan hom moes openbaar, want dis was en is steeds godslastering om 'n mens tot God te verhoog. Dit was nodig dat Petrus dit juis hier voor die afgodaanbidding wat daar plaasgevind het by Sesarea-Fillipi moes sê en beleef.

Matteus 16:17

Gelukkig is jy, Simon Barjona," het Jesus vir hom gesê, "want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is.

"Ongelooflik Goddelik gelukkig is jy Simon die seun van Jona," sê Jesus, die Seun van God. Wat Petrus hier gesê het kom nie uit homself nie, maar is deur Jesus se Vader in die hemel aan Petrus geopenbaar, om aan Sy dissipels en aan ons bekend te maak.

En dan kondig Jesus die geboorte van Sy kerk aan.

Die geboorte van Jesus se kerk

Matteus 16:18

En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Soos ek aan die begin gesê het vir die heel eerste keer word na, hulle wat uit die wêreld en sonde in die Koninkryk van God ingeroep is, die versameling van mense wat in Jesus glo, as die kerk verwys.

Oor hierdie vers is daar oor eeue heen so baie gepraat en verskil. Het Jesus nou hier vir Petrus as die eerste pous aangestel of nie? Wat bedoel Jesus as Hy sê; *"op hierdie rots sal Ek my kerk bou?"* Dis tog baie duidelik uit die geskiedenis dat dit nie waar kan wees dat Jesus Sy kerk op Petrus gebou het nie. Asof Petrus die enigste hoop vir die kerk is. In die verse net hierna sê Jesus dat hy Jerusalem toe moet gaan om daar te ly en te sterf, en dan sê Petrus: *"No way, ek sal dit nie toelaat nie."*

Matteus 16:22

Petrus het Hom toe opsy geneem en Hom begin berispe: "Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie."

En wie het nou met Petrus gepraat, nie Jesus se Vader nie, maar die vader van die leuen.

Matteus 16:23

Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: "Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê."

So as Jesus Sy kerk op Petrus sou bou, het dit sommer nog voor dat dit begin het gefaal, want hier laat Petrus toe dat die vader van die leuen hom lei en is hy in plaas van die rots waarop sommige kerke hulle teologie bou, 'n struikelblok, 'n klip waaroor mense val. En die satan het dit reg gekry om 'n groot deel van die kerk oor die eeue heen hiermee te verwar.

Wat bedoel Jesus as Hy sê?

Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou

Hierdie is eintlik 'n ongelooflike stuk in die Bybel, en om dit mooi te verstaan moet ons Jesus se woordspeling verstaan en ook Matteus se gebruik van die twee Griekse woorde:

Petros vs Petra

Toe Jesus vir Petrus die heel eerste keer gesien het, was sy naam Simon, en toe al het Jesus gesê dat hy is nie Simon is maar Petrus.

Johannes 1:42a

Jesus het stip na hom gekyk en gesê: "Jy is Simon seun van Johannes; jy sal Sefas genoem word." Sefas beteken dieselfde as Petrus.

En nou sê Jesus vir hom eers: *"Simon die seun van Jona (Johannes), dis God wat aan jou openbaar het dat Ek die Seun van God is,"* en dan sê Jesus vir hom as te ware; *"Simon, jy is Petros en op Petra sal Ek die kerk bou."*

Petros beteken

Klip of klippie

Stone or pebble

Petra beteken

Rots of klipbank

Rock or a large stone or bedrock

Jesus verwys na alle waarskynlikheid na die groot rots hier voor Hom by Sesarea-Fillipi, waarop 'n klomp mense hulle hoop en geloof gebou het en sê Hy: *“Simon, jy is 'n klein klippie (Petros), maar op die Rots (Petra), so vas as hierdie rots, die belydenis wat jy gemaak het dat Ek die Christus die Seun van die Lewende God is, op daardie vaste fondament, die onveranderlike waarheid dat ek die Seun van Lewende God, daarop sal Ek die kerk bou.”*

Ons weet dat die kerk nie op Petrus gebou is nie, want later lees ons dat Jakobus die halfbroer van Jesus, die hoof van die kerk was en nie Petrus nie.

So die vaste rots waarop Jesus Sy kerk bou is dit:

Jesus is die Christus, die Seun van die lewende God

As ons net weer na daardie vers kyk is daar 'n “dead-giveaway” wie die hoof van die kerk is.

Matteus 16:18

Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Kyk of jy dit kan raaksien. Wie se kerk is dit? Jesus sê: *“op hierdie rots, sal Ek My kerk bou.”* Daar is eintlik twee “giveaways.”

MY kerk

Dis Jesus se kerk, dis nie Petrus se kerk nie. En wie sal die kerk bou?

Ek sal my kerk BOU

So daardie dag by die geboorte van die kerk van die Here Jesus Christus, die Seun van die Lewende God, voor die rots waar die afgode aanbid was, sê Jesus dat Hy gee nie net geboorte aan die kerk nie, maar die kerk, ook hierdie gemeente, is Sy kerk, en Hy bou dit. En is dit nie wonderlik om dit te sien nie.

En daar ten aanskoue van die groot bek van die grot wat bekend gestaan het as Hades wat beteken dood of hel, sê Jesus.

die magte van die doderyk (Hades) sal dit nie oorweldig nie

Amazing om dit te sien 2000 jaar later en ook om dit te weet, dat niks het oor 2000 jaar dit reg gekry om die kerk van Jesus te stop nie, niks sal oor die volgende 2000 jaar dit regkry nie. Min ander gode aanbidding het bly staan nie. Al die afgode aanbidding is gestaak of is vandag glad nie eers noemenswaardig nie. Griekse en Romeinse gode is mites. Maar Jesus se kerk staan sterk en groei steeds by verre die vinnigste van alle ander gelowe. Die magte van die satan het probeer, mense is doodgemaak en word steeds doodgemaak, Jesus se kerk het bly staan.

En dan sê Jesus 'n belangrike ding.

Matteus 16:19

Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly."

Weereens duidelik wie is in beheer? Jesus! Dis Hy wat die sleutels oorhandig. En die sleuteldraer is nie noodwendig die eienaar nie. Die sleuteldraer is 'n rentmeester, die bestuurder. En 'n rentmeester (steward) bestuur die eienaar se goed na die beste van sy of haar vermoëns. En ons weet baie van die goed wat Petrus oopgesluit het is steeds oop.

Hy het op Pinksterdag vol van die Heilige Gees opgestaan en begin preek, en 3000 mense het tot bekering gekom. Hy het die deur oopgesluit dat die evangelie ook na die heidene (nie-Jode) gebring mag word, toe die Here hom na Cornelius 'n Romein gestuur het met die evangelie.

So Jesus se kerk is alive and well in hierdie tyd en jy ek het die wonderlike voorreg om die tydgleuf waarin ons leef, deel van dit te mag wees. Ons deel hierdie voorreg met Petrus, die eerste lidmaat van die kerk, en met al die lidmate daarna en die wat nog gaan kom.

Ek sluit af

So wat vir ons belangrik is om te verstaan en te glo, is dat die kerk Jesus se kerk is en dat dit gebou is op die vaste fondament, die onveranderlike waarheid, dat Jesus die Messias, die Redder, die Seun van die Lewende God is. En as jy dit glo word jy Sy kind en is jy deel van Sy kerk. Daarom is dit belangrik dat jy moet weet wat jy aangaande Jesus glo.

Wie sê jy is Jesus?

Jesus was of die grootste bedrieër van alle tye, of Hy het die waarheid gepraat. Die Nuwe Testament wat oor Jesus praat was die grootste bedrogspul of al die goed wat daarin staan is die waarheid!!

Daar is tog soveel getuienis van ander mense oor wat Jesus gedoen het.

- Waarom sou die dissipels 'n marteldood sterf vir hierdie HOAX.
- Wat sou Jesus gebaat het deur mense te bedrieg. Hy het nooit enige geld gevat nie. Hy het nie eers ooit sy eie huis gehad nie. Hy was 'n loseerder in Petrus se huis. Hy het nie eers Sy eie donkie gehad nie. Toe Hy Jerusalem inkom moes hy 'n donkie gaan leen het. Die teendeel is eintlik waar. Jesus het vir Sy kerk gesterf. Hy het Sy kerk lief. Hy is die hoof van die kerk.

Kolossense 1:18a

Hy (Jesus) is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan,

Jesus het Sy kerk gebou en die poorte van die dood/Hades kon dit nie oorwin het nie. Soveel mense se lewens is radikaal oor die eeue heen deur die boodskap van Jesus verander. Soveel hospitale, skole, versorgingsoorde, noem maar op is in die Naam van Jesus opgerig en miljoene mense se lewens is tot vandag toe nog aanraak.

Op 'n stadium skryf Quadratus die leraar van die gemeente in Athene omtrent 100 jaar na Jesus se kruisiging die volgende .

But the works of our Saviour were always present, for they were genuine:— those that were healed, and those that were raised from the dead, who were seen not only when they were healed and when they were raised, but were also always present; and not merely while the Saviour was on earth, but also after his death, they were alive for quite a while, so that some of them lived even to our day.

Kan jy jou indink jy sit in die kerk in Jerusalem in die laat eerste eeu, jare nadat Jesus hemel toe is en hier stap 'n ou oom van so in die tagtig in en jy hoor sommer die geruis.

“Daar is Lasarus.” Kan jy jou indink die predikant preek en vertel meer van Jesus en wat Hy gedoen het en hierdie oom steek sy hand op en sê

- *“My naam is Lasarus, ek kan getuig oor Jesus. Ek was vier dae al dood toe Hy my uit die dood uit opgewek het.”*
- En dan staan ’n ander oom op en sê: *“ek was ’n blinde man wat by Jerigo gebedel het, hierdie Jesus het my gesond gemaak.”*
- En ’n ouerige tannie staan op en sê: *“Ek het jare aan ’n bloedsiekte gelei en toe ek net aan die tossels van sy kleed geraak het, het ek gesond geword.”*
- En ’n ander vrou staan op en sê: *“Ja ek was ’n prostituut en die mense wou my doodmaak, maar Jesus het my van my sonde gered en nou dien ek al jare as voorsitter van die vroue bediening.”*
- En so staan een na die ander op.

Kan jy jou indink hoe sou dit in ons gemeente gewees het?

En dit is wat Quadratus sê. In sy tyd as leraar het hy dit persoonlik beleef. Jesus was nie ’n bedrieër nie. Daar is en was net teveel getuienis om die teendeel te bewys. Daarom het die kerk so vinnig die wêreld ingegaan in die eerste eeu. Daar was soveel mense wat eerstephands met Jesus te doen gehad het wat nie kon ophou vertel nie. Ons moenie dink dit was net die dissipels wat rondgegaan het en die evangelie verkondig het nie. Mense wat deel was van die 5000 wat kos gekry het, het verseker gaan vertel. Ek dink aan Legio, Jesus kon hom nie stil kry. Manne soos Lasarus en Saggeüs en vroue soos Maria en Maria Magdalena en duisende van die ander wat deur Jesus aangeraak het, kon nie en sou nie stilgebly het nie.

As daar niemand was wat oor Jesus kon getuig het en kon vertel wat gebeur het nie, sou die kerk nie die eerste eeu oorleef het nie, wat nog daarvan dat dit 2 000 jaar later steeds onophoudelik groei.

Ek sê weer dis die mees belangrikste vraag wat elke mens moet beantwoord.

Wie sê jy is Jesus vir jou?

Is Hy jou redder, jou Here, jou Koning? As Jesus nie jou Here, die Christus, die Seun van die Lewende God is nie dan is dit of jy wat jou here en jou koning is, of die wêreld, die duiwel en die dood.

Jesus wil graag jou en my, Sy kerk, verder bou en leer van Hom. Jy het die sleutels van die deur van jou hart. Miskien het jy oor jare heen die slot na die deur van jou hart so stadig toegesluit. Jy kan dit weer oopsluit, want as gelowiges het ons die sleutels van die Koninkryk en kan ons God se werk in ons oop of toesluit. En dis dan wat Jesus sê soos Hy vir die kerk in Laodicea geskryf het.

Openbaring 3:20

Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.